# HOOFSTUK 7

# DIE IMPLIKASIES VIR DIE ONDERWYSER EN DIE SKOOLORGANISASIE

## 1. Die onderwyser as mede-opvoeder van die kind

### 1.1 Die oorsprong van die onderwyser se taak

Die komplekse sosiale en lewenspatroon het dit vir die ouer onmoontlik gemaak om die hele opvoeding van sy kind self te onderneem. Dit is veral op die terrein van die verstandelike opvoeding van die kind waar die ouer nie oor die nodige kennis en kwalifikasies beskik nie. Die onderwyser moet dus 'n deel van die ouer se verantwoordelikheid vir sy rekening neem. Die ouer delegeer dan ook 'n deel van sy ouerlike verantwoordelikheid en sy gesag aan die onderwyser, wanneer hy die kind skool toe stuur.

Hierdie taak is egter met verloop van tyd uitgebrei en in die moderne samelewing is daar die neiging dat die onderwyser in 'n toenemende mate bykomstige pligte op hom moet neem wat vroeër deel van die ouer se taak was.

## 1.2 Die roeping van die onderwyser

Die onderwyser is nie die natuurlike ouer van die kind nie en kan slegs optree as plaasvervangende ouer of mede-opvoeder van die kind. Aangesien hy egter 'n deel van die ouer se taak oorneem en ook die gesag ontvang om sy opdrag uit te voer, word hy in dieselfde geroepenheid geplaas as die Christelike ouer en word hy 'n deelgenoot gemaak aan die verbonds- en doopverpligtinge van die ouer. Die onderwyser se taak kan nooit losstaan van dié van die ouer nie, want dit vorm 'n integrale deel daarvan en deur sy aanvaarding van die beroep van onderwyser aanvaar hy ook die hoë roeping wat daarmee saamgaan.

Die ouer dra die primêre verantwoordelikheid t.o.v. die kind en daarom het hy as Christelike ouer ook die reg om te eis dat sy kind deur 'n Christelike en roepingsbewuste onderwyser onderwys sal word. Die onderwyser het dan 'n verpligting teenoor die ouer, nl. om die kind te onderwys en op te voed as verbondskind. Die onderwyser is dus verantwoording verskuldig aan die ouer, maar ook aan God, want dit is aan God wat hy in die laaste instansie verantwoording moet doen t.o.v. die kind wat reeds in God se genadeverbond opgeneem is.

Die onderwyser kan egter nie die verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van die kind op sy eie verantwoordelikheid onderneem nie. Hy word deur die ouers, maar ook deur die onderwysowerheid met gesag beklee. Hierdie gesag is gedelegeerde gesag waaroor die onderwyser beskik vir die gedeelte van die tyd wat die kind aan sy sorg toevertrou is. Die feit dat dit gedelegeerde gesag is, doen geen afbreuk aan die werklikheid van hierdie gesag nie. Saam met die gesag waarmee die onderwyser beklee word, hang egter ook die eis dat die gesag in verantwoordelikheid en liefde toegepas sal word en dat steeds in gedagte gehou moet word dat beide onderwyser en leerling voortdurend onder die gesag van God staan.

Die Christelike onderwyser moet roepingsbewus wees en sy taak sien as 'n opdrag, nie bloot van die ouer nie, maar van God. Juis omdat sy roeping geweldige eise aan hom stel, moet hy sy taak onderneem in die geloof dat God hom die krag en genade daartoe sal skenk. Hy moet sy taak sien as 'n roeping waar hy as medewerker van God verantwoordelik is vir die opvoeding van die kinders aan hom toevertrou.

## 1.3 <u>Die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser</u>

Die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser is van deurslaggewende belang. Die Christelike opvoeding vereis 'n positiewe Christelike en nasionale

lewens- en wêreldbeskouing. Die onderwyser se denke, lewenshouding, voorbeeld en praktiese onderwys moet deursuur wees met die Christelike en nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Die onderwyser dra die verantwoordelikheid om die verbondskind in die gees van die doopbelofte op te voed tot die eer en kennis van God en dit kan hy alleen doen indien hy in sy lewe en in sy werk waarlik belydende Christen is. Daarbenewens moet hy ook vol in die volkslewe staan, die volkseie ken en waardeer, die volkstradisies eer en uitleef, sy vaderland liefhê en die strewe van sy volk onderskryf en bevorder.

Die Christelike onderwyser is die groot dienaar wat sy lewe aan die opvoeding van die kinders van sy volk wy. Hy dien vir 'n hoër loon en sy lewe word gekenmerk deur onbaatsugtige en liefdevolle diens, deur 'n bereidheid om offers te bring, sonder om daarvoor dankbaarheid of eer te verwag. Om te dien beteken om die self, die eie belang, te vergeet en vir andere te lewe, om vir die kind tegelyk vader en moeder te wees, eise aan die kind te stel, die kind te begryp, te steun en te lei - maar altyd slegs in belang van die kind en in die gees van sy roeping as opvoeder. Sonder egte liefde vir sy taak en sonder geloof in God, kan hierdie gesindheid nie by die onderwyser posvat nie.

Die lewensbeskouing van die onderwyser moet 'n projeksie wees van die lewensdoel van die mens in

die Christelike samelewing. Hy moet dus 'n bepaalde lewensdoel en bepaalde opvoedingsoogmerke hê waarop al sy bemoeiinge met die kind doelgerig sal afstuur. Hy moet 'n vertrekpunt hê vanwaar hy redeneer, 'n basis waarin sy wese veranker is, want sy lewensbeskouing sal spreek, al wil hy dit ook verberg; dit sal die kind ten goede of ten kwade beïnvloed.

1.4 Die eienskappe van die Christelike onderwyser

Die onderwyser van die verbondskind moet boweal belydende Christen wees wat sy roeping aanvaar in geloof en afhanklikheid van God. Hy moet Christen in woord en daad wees, sodat sy voorbeeld daarvan sal getuig.

Hy moet wysheid aan die dag lê in sy oordele en beslissinge. Wysheid en insig is die vrug van ervaring en inspanning en moet dus verwerf word, maar dit is ook 'n gawe van God. Kalmte, geduld en verdraagsaamheid is die voorlopers van wysheid en moet te alle tye beoefen word. Kalmte spruit voort uit selfbewuste, beheersde, wel gerigte krag. Onuitputlike geduld, gepaard met helderheid van doelstelling en die weg wat daarheen lei, is noodsaaklik in die daaglikse werksaamheid.

'n Opgewekte geaardheid en lewenslus bring die onderwyser nader aan die kind en bevorder die vertroulike omgang met die kind. Die blye lewensvreugde van die Christen-onderwyser skep 'n aangename atmosfeer en is 'n sterk prikkel vir die kind om ook sy taak met blymoedigheid aan te pak.

Taktvolle optrede is daardie soort optrede wat die juiste resultate oplewer omdat op die regte wyse en tyd opgetree is. Dit skep vertroue by die kind en laat vir hom lewensruimte. Takt is 'n noodsaaklike deel van elke onderwyser se toerusting.

Die onderwyser moet sedelik op 'n hoë peil staan, want sy voorbeeld en optrede sal altyd sterker spreek as woorde. Sy norme en waardes word die norme en waardes van die kinders aan hom toevertrou. Die invloed van die onderwyser is dikwels groter as wat hy vermoed en die voorbeeld wat hy ook in die opsig stel, is uiters belangrik.

Die onderwyser moet ferm, maar regverdig en altyd in liefde optree. Orde is noodsaaklik, maar dit moet nie 'n lewelose orde wees nie. Die vryheidsbeginsel moet ook t.o.v. elke kind geld. Die kind het respek vir 'n onderwyser wat ferm en beslis optree, maar ook geleentheid skep vir die groei na selfstandigheid. Die onderwyser moet sy gesag met waardigheid uitoefen en nie as 'n onderdrukkingsmaatreël nie.

Ondernemingsgees, oorspronklikheid, belangstelling en entoesiasme is onmisbare eienskappe van die suksesvolle onderwyser. Die goeie onderwyser sal besef dat die kind die beste vorder as hy behoorlik gemotiveer is. Sonder die aansteeklike ywer van die onderwyser, sal die kind nie self entoesiasties raak nie, of nie sy beste lewer nie.

Die onderwyser moet 'n leier wees. Hy moet daardie soort leiding kan gee wat die kind in staat sal stel om gaandeweg sy eie weg te vind. Sy leiding sal nie bloot voorskriftelik wees nie, maar die persoonlikheid, aanleg en vermoëns van die kind in ag neem en ruimte laat vir die kind se eie idees, ondernemingsgees en vindingrykheid.

Heel die onderwyser se optrede moet gekenmerk word deur verantwoordelikheid. Hy moet te alle tye besef dat hy verantwoordelikheid aanvaar het vir die kinders aan hom toevertrou en dat sy verantwoordelikheid verder strek as die uiterlike klaswerk. Hy sal dus moet besin oor elke vorm van handeling en optrede en hom by dit alles steeds plaas onder die gesag van die Woord van God wat ook vir sy opvoedings- en onderwyshandelinge, die lamp vir sy voet en die lig vir sy pad sal wees.

Die meeste van hierdie eienskappe sal moontlik in enige samelewing, selfs 'n nie-Christelike, aangeprys word. In die Christelike skool egter moet elkeen van hierdie eienskappe ondergeskik wees en gedra word deur die religieuse eis dat elke onderwyser bo alles toegewyde Christenmens moet wees, 'n persoon wat in lewe en werk steeds biddend sal opsien na Bo. Al sou die onderwyser oor uiters voortreflike eienskappe beskik en hy is nie 'n Christen nie, dan sou sy opvoedingswerk die kern mis, want dit sal die kind nie tot Christus kan lei nie. Die Christenskap van die onderwyser is dus die eerste en belangrikste eis wat aan die onderwyser van die verbondskind gestel word.

## 1.5 Die onderwyser as beroepsmens

Die onderwyser moet nie net opvoeder wees nie, maar ook opvoedkundige. Hy moet nie alleen 'n deeglike studie van die opvoedkunde maak nie, maar hom ook voortdurend verdiep in opvoedkundige probleme. Dit impliseer dat hy sy hele lewe student moet bly, hom moet losmaak van verouderde metodes en benaderinge en 'n ope en ontvanklike gemoed moet hê vir dit waardeur hy sy onderwys en opvoedingswerk op 'n hoër peil kan bring. Hy moet ook steeds besig wees om die ervaring te benut deur kennis en ervaring as 'n eenheid te verbind en aan te wend ter verbetering van sy onderwys. As Christelike opvoeder, sal hy egter steeds

elke metode, elke stelling, oorweeg en weeg in die lig van die Woord van God. Die onderwyser moet so toegerus wees dat hy nie alleen reg kan laat geskied aan die kinders in sy klas nie, maar ook die ouers met raad en voorligting kan bystaan waar nodig.

As professionele mens moet die onderwyser deeglik opgelei wees en behoorlik onderleg wees in dit wat hy vir sy taak nodig het of waarin hy moet onderrig. Die ouer stuur juis sy kind na die skool omdat hy self nie in staat is om in daardie deel van die kind se opvoeding te voorsien nie. Derhalwe het die ouer die reg om te verwag dat die onderwyser bekwaam sal wees om die kind te onderwys. Dit is dus die plig van sowel die onderwysowerheid as van die onderwyser self om toe te sien dat aan hierdie verwagting van die ouer voldoen sal word. Die onderwyser moet dus toegerus wees met breë Christelike en wetenskaplik-pedagogiese beginsels, bo en behalwe die beheersing van onderwystegnieke, -middele, -metodes en -prosedures.

In aansluiting by die voorafgaande is dit noodsaaklik dat die onderwyser die kind as mens deeglik sal ken en dus 'n deeglike studie van die kind in elke lewensfase sal maak. Hy moet bewus wees van die geestelike en stoflike nood van die kind en toegerus wees om daarin te voorsien. Deur liefde en lewendige belangstelling moet hy ook leer om die behoeftes van elke

indiwiduele kind raak te sien en te leer ken. Hy moet bo alles steeds voor oë hou dat die kind ook verbondskind is en dat sy opvoeding op 'n bepaalde wyse en in 'n bepaalde rigting moet verloop.

Die onderwyser moet verder in gedagte hou dat hy besig moet wees met die opvoeding van die hele kind. Die ware opvoeder werk nie net aan die vorming van die verstand nie, maar ook aan die vorming van die wil, die karakter, die gemoed, die liggaam, die sosiale verbande, ens. m.a.w. aan die opvoeding van die hele kind. Terselfdertyd moet die onderwyser daarop let dat die religieuse in die sentrum van die opvoeding moet staan en dat geen aspek van die opvoeding van die religieuse losgemaak kan word nie.

Die onderwyser moet ook steeds die feit voor oë hou dat hy verantwoording aan die ouer verskuldig is. Hy kan en mag nie die ouer verdring of ignoreer nie. Hy sal hom moet beywer vir 'n openhartige verhouding met die ouers en vir hartlike samewerking met die ouers t.o.v. alles wat die kind raak. Hy moet weet dat die ouers baie by hom kan leer, maar hy moet ook bereid wees om van die ouers te leer. Die onderwyser moet homself steeds sien as mede-opvoeder en nie as hoofopvoeder nie. Hy mag ook nie op 'n groter aandeel in die kind se opvoeding aanspraak maak as wat

deur die ouer aan hom gedelegeer is nie.

Die onderwyser is die belangrikste opvoedingsfaktor in die skoolopvoeding en die invloed wat hy op die kind uitoefen het vérreikende gevolge vir die kind se toekoms. Vir die Christelike opvoeding van die kind is 'n Christelike onderwyser dus onontbeerlik. Die ouer is onder verpligting om sy kind as verbondskind op te voed of te laat opvoed en hy kan dus nie 'n nie-Christelike onderwyser aanvaar nie, selfs nie oorweeg nie.

## 2. Die implikasies vir die skoolorganisasie

### 2.1 Die plek van die skool in die opvoeding van die kind

Die skool is 'n kunsmatige instelling wat die huislike opvoeding moet aanvul. Dit het ontstaan as instelling weens die onvermoë van die gesin om in die hele opvoeding van die kind behoorlik te voorsien. Hoewel die skool se taak dus aanvullend is en nie die hele opvoeding van die kind insluit nie, is die skool tog in die moderne samelewing noodsaaklik en onmisbaar. Die plek wat die skool in die samelewing inneem, het met verloop van tyd al belangriker en omvangryker geword, die betekenis van onderwys vir 'n geslaagde aanpassing by die lewe steeds groter en daarbenewens besoek steeds meer leerlinge die skool vir langer tydperke. Namate die skool as instelling in belangrikheid toegeneem het, is ook 'n groter verantwoordelikheid op hom

gelê. Die skoolopvoeding is dus 'n noodsaaklike en onmisbare aanvulling van die huislike opvoeding.

## 2.2 Die skoolopvoeding moet aansluit by die huislike opvoeding

Die skool is in oorsprong, doel en wese op die huis aangewys. Die skool kan in hierdie sake nie na willekeur handel nie, maar het die verpligting om aansluiting te soek by die huislike opvoeding. Die Christelike huis eis 'n Christelike skool, d.w.s. dat die skoolopvoeding in gees en rigting dieselfde sal wees as die huislike opvoeding. Dit impliseer dan ook dat die skoolopvoeding gegrond sal wees op die Christelike en nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Die skool moet die opvoeding in die gesin aanvul en mag nie die gesin of die lewensbeskouing van die Christelike gesin vervang nie.

Die Christelike ouers wat die doopbelofte voor God en Sy gemeente afgelê het, het 'n verpligting teenoor God wat die versorging en opvoeding van hulle kind betref. Die skool deel hierdie verpligting en is dus gebonde om die kind as verbondskind te onderwys en op te voed in die gees van die doopbelofte. Die verbondskind het 'n ewige bestemming en ook die skoolopvoeding moet 'n bydrae lewer om hom te help om deur 'n groeiende verhouding met God in Christus so te lewe

dat hy God sal liefhê, eer en dien en die naaste sal liefhê soos homself.

Die skool doen meer as vaardighede bybring en kennis oordra en juis daarom stel die ouers die eis dat die skoolopvoeding by die van die ouerhuis moet aansluit. Die skool het die verpligting om die huislike opvoeding aan te vul, te ondersteun en uit te bou, deur in dieselfde gees en dus uit dieselfde lewensfilosofie as die huis op te voed.

## 2.3 Die skool moet met die ouers saamwerk

Die skool moet altyd in gedagte hou dat die ouers die natuurlike opvoeders is, die eerste aanspraak op hulle kind het en primêre verantwoordelikheid t.o.v. die kind se opvoeding dra. Die skool moet dan ook nie die krag van die opvoedkundige invloed wat in die kind se huis en omgewing geleë is, onderskat nie. Daarmee moet ook besef word dat slegs 'n klein gedeelte van die kind se lewe deur die skool aangeraak word. Die huislike opvoeding en die skoolopvoeding is nie twee afsonderlike take nie, maar is en moet 'n eenheid vorm. Die skool staan dus onder die verpligting om ten nouste met die huis saam te werk ten einde te verseker dat die kind die beste moontlike opvoeding sal ontvang.

Die onderwyser wat waarlik belangstel in sy leerlinge en hulle belange op die hart dra, sal kontak met die ouers soek en poog om hulle samewerking te verkry. Daarbenewens behoort die skoolorganisasie in sy eise en maatreëls steeds die ouers te ken in die opsig dat sodanige eise aanpas en aanvaarbaar vir die ouers is en nie onnodig inbreuk maak op hulle regte en verpligtinge nie. Deur die ouers hierin te ken, word blywende samewerking verseker, sonder dat die skool sy selfstandigheid hoef prys te gee.

Die skool kan die kind nie ten volle ken sonder kennis van sy huislike omstandighede nie. Verder is dit ook vir die ouer belangrik om te weet hoe sy kind in die skool optree. Deur goeie samewerking kan beide ouer en onderwyser hulle kennis van die kind uitbrei en beter toegerus wees om op die regte wyse teenoor die kind op te tree.

Die skool en die huis kan mekaar nie vervang nie, die een is so onmisbaar soos die ander. Hulle is vennote en bondgenote en onderlinge oorlegpleging en wedersydse vertroue moet die grondslag vir samewerking vorm. Deur samewerking kan konflikte, misverstande, probleme en opvoedingsfoute tot op groot hoogte uitgeskakel word.

## 2.4 Die voorligtingstaak van die skool

Die skool moet die begrip van mede-verantwoordelikheid aanvaar. Dit beteken nie die oorneem van gesinsfunksies nie, maar dat die skool deur sy aanvullende hulp, deur samewerking met die ouers en deur die oordra van kennis, die oueropvoeding sal versterk en uitbou.

Christelike ouers het behoefte aan deskundige hulp en advies m.b.t. die opvoeding van hulle kind en die skool het ook 'n roeping om in hierdie behoefte te voorsien. Verstandige voorligting kan 'n belangrike bydrae lewer om konflik en misverstand uit te skakel en samewerking te bevorder, omdat dit die ouers sal help om skoolprosedures te begryp en die behoeftes van hulle kind beter te verstaan.

Ouers word oorweldig deur 'n massa literatuur in boeke, tydskrifte, koerante, ens. Talle voorskrifte, sommige waarvan mekaar weerspreek, word verstrek. Dit lei daartoe dat die ouers verwar word en hulle selfvertroue ondermyn word. Die lewe eis vandag meer van die mens as ooit tevore en daarom ook van die opvoeder. Die ouers het egter nie behoefte aan 'n stel reëls en regulasies wat in 'n ensiklopedie nageslaan kan word of in 'n elektroniese brein verwerk kan word om elke keer die regte antwoord te gee nie. Die ouers het behoefte daaraan om meer

van die kind in die algemeen te weet, sodat hulle hul eie oordeel en intelligensie kan aanwend in die opvoeding van hulle kind en dit kan doen in ooreenstemming met hulle eie besondere omstandighede, persoonlikheid en lewensbeskouing. Die ouers het dus daardie soort hulp nodig wat hulle in staat sal stel om die taak self te kan onderneem. Hoe doeltreffender die huislike opvoeding, hoe makliker die taak van die skool.

Die voorligtingstaak van die skool impliseer dus dat elke onderwyser self deeglik toegerus moet wees sodat hy in staat sal wees om die ouer op professionele wyse met hulp en raad by te staan.

## 2.5 Die besondere taak van die skool

Die skool het die besondere taak om die kind in te lei in die arbeidsfeer, d.w.s. die geleidelike losmaak uit die spelverband en die bring tot taakaanvaarding en arbeidsvreugde. Dit is 'n geleidelike proses en aanvanklik sal die spel van die kind op 'n besondere wyse benut moet word en die uitgangspunt moet wees vir die arbeidsituasie.

Alle arbeid moet deur die denke begelei word en daarom moet die kind geleer word om te dink. Die ontwikkeling van die denkvermoë van die kind moet daarop gerig wees om begrip en insig, logiese beredenering en kritiese onderskeidingsvermoë by die

kind te ontwikkel. Die primêre by die onderwys is kennisverwerwing, verstandelike ontwikkeling en denkontwikkeling, waarby die kind se persoonlikheid, aanleg en vermoëns deeglik in ag geneem moet word.

Die skoolopvoeding moet die kind voer tot beroepsgereedheid, sodat hy sy aanleg en vermoëns op 'n bevredigende wyse en produktief sal kan aanwend in die samelewing. Die skool se belangrikste taak is dus om die kind voor te berei vir sy intrede in die wêreld van volwassenes en die verpligtinge en verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. Dit impliseer dan ook dat die kind ingelei moet word in die geestelike, ekonomies-tegniese en sosiale kultuursektore.

Die skool voorsien in 'n behoefte waaraan die ouers nie kan voldoen nie, nl. verstandelike en beroepskundige vorming. Dit is egter onmoontlik om die kind verstandelik en beroepskundig te vorm sonder om terselfdertyd sy hele persoonlikheid te vorm. Onderwys en opvoeding kan onderskei maar nie geskei word nie en alle onderwys moet dus steeds opvoedend van aard wees. Die skool kan dus nie net onderrig nie, maar moet deur sy onderrig ook opvoed. Ware Christelike opvoeding kan nooit iets anders as die opvoeding van die kind in sy totaliteit wees nie. Dit is onmoontlik om enige aspek van die menslike lewe uit te skakel en daarom moet die skoolopvoeding voorsiening maak vir

die opvoeding van die kind in sy totaliteit as 'n liggaamlik-geestelike eenheid in al sy bestaans- en lewensverhoudinge.

Die skool moet egter daarteen waak om nie 'n al groter deel van die kind se opvoeding vir homself op te eis nie, deur o.a. soveel van die kind se tyd in beslag te neem deur huiswerk en buitemuurse aktiwiteite dat daar weinig tyd oorbly waarin die ouer geleentheid kry om sy opvoedingswerk te verrig. Die ouers en nie die skool nie, moet die grootste en belangrikste aandeel aan die kind se opvoeding hê.

2.6 <u>Die Christelike eis t.o.v. leerstof en metodes</u>

Die primêre taak van die skool is om die kind doeltreffend te laat leer en daarvoor is doeltreffende leerstofinhoude noodsaaklik. Hierdie vakinhoude moet aansluiting vind by die Christelike en nasionale lewens- en wêreldbeskouing en opvoedingsdoeleindes. Vir doeltreffende onderwys is opvoedings- en onderwysmetodes nodig wat sal bydra tot die totale opvoeding van die hele kind en die klem moet dus val op metodes wat aansluiting vind by die Christelike opvoeder se siening van die kind. Die norm van die Christelike onderwys is God self soos geopenbaar deur Christus en daarom moet die inhoud en die metode van die Christelike onderwys hiervolgens bepaal word. Dit beteken dan ook verder dat alle skoolbedrywighede die Christelike beginsel as uitgangspunt sal hê.

Die religieuse is die eerste en belangrikste leerstof van die skoolopvoeding. Die Bybel is die uitgangspunt van alle godsdiensonderrig. Godsdiensonderwys moet dan ook die kernvak in die skool wees en die grondslag vorm van heel die skoolopvoeding. Van owerheidsweë word vereis dat die godsdiensonderrig op skool neutraal sal wees t.o.v. eie kerklike belydenis, maar dit kan nooit neutraal wees t.o.v. die Christelike godsdiens nie. Daarom is dit so belangrik dat die onderwyser self die draer sal wees van die religieuse doelstellinge wat hy verkondig. Die godsdiensonderrig kan ook nie neutraal wees t.o.v. die fundamentele dogmas van skepping, sondeval en verlossing nie en dit moet ongetwyfeld 'n belangrike deel van die godsdiensonderrig uitmaak. Dogmatiese onderwys wat daarop gemik is om die leerlinge voor te berei vir lidmaatskap van 'n besondere kerk, is egter nie die skool se taak nie, maar wel die taak van die kerk in samewerking met die ouers.

Die Woord van God moet egter nie alleen die belangrikste studieveld wees nie, maar ook in elke ander vakgebied of leersituasie die rigsnoer wees. Dit moet elke aspek van die skool se handelinge, voorskrifte, reëls en onderrig deursuur, sodat alles kan geskied onder die leiding van die Woord van God en tot Sy eer.

Naas die religieuse moet die nasionale aspek voorrang geniet. Christelike opvoeding en onderwys op nasionale grondslag is noodsaaklik omdat elke volk homself binne nasionale grense bevind, 'n eie nasionale wordingsgeskiedenis het, 'n eie kultuur, beskawingspeil en lewensbeskouing. Die oordra en uitbouing van hierdie nasionale erfenis moet in die skoolopvoeding tot sy reg kom, want die skool is in 'n posisie om 'n kragtige middel te wees in die handhawing en uitbouing van die nasionale lewe. Die skool het dan die belangrike taak om die eie geskiedenis, taal en tradisies oor te dra, te vertolk en daarop voort te bou.

Die Christelike opvoeding stel ook die eis dat die kind deur medium van sy moedertaal sy onderwys sal ontvang en deeglik in die moedertaal self onderrig sal word. Die moedertaal is draer van die eie lewens- en wêreldbeskouing en taalaktiwiteit as sodanig betrek die aktiwiteite van die hele mens. Moedertaalonderwys is dus 'n noodsaaklike vereiste vir alle vorms van onderwys en opvoeding.

Die skool moet die kind ook lei tot kennis van die mens en die natuur, die hele geskape werklikheid wat God voorsien het en waarin die mens sy bestaan moet ontworstel. Die kind moet gelei word om die sin en totaliteit daarvan in te neem en te verwerk,

sodat hy ook sy eie plek daarin kan vind. Dit sal die beste bereik word deur die kind in die geleentheid te stel om deur eie ervaring, selfwerksaamheid, self aktief wees, sy kennis op te doen en die vormende waarde daarvan te ondervind.

Seksuele opvoeding val buite die skool se opvoedingsverantwoordelikheid en is die taak van die ouers. Klassikale voorligting skyn alleen moontlik as deel van die leerplanne van biologie en fisiologie en dan alleen vir sover dit die biologiese feite betref en nie die rol van die seksuele in die mens se lewe nie. Die skool kan egter nie geheel en al onverskillig staan nie en kan 'n belangrike bydrae lewer deur die toesig wat uigeoefen word, die voorbeeld van personeellede t.o.v. gedrag en kleredrag binne en buite die skool en deur aan ouers die nodige hulp en voorligting te gee wat hulle in staat sal stel om self die seksuele opvoeding van hulle kinders op 'n doeltreffende wyse te onderneem.

## 2.7 Die gesagsaspek

Die Christelike skool tree ten behoewe van die ouers op en aanvaar mede-verantwoordelikheid vir die kinders van gelowige ouers wat aan die skool toevertrou word. Om aan hierdie opdrag uitvoering te kan gee moet die skool oor die nodige gesag beskik. Die

ouer delegeer sy gesag aan die onderwyser, maar dit is per slot van sake 'n gesag deur God verleen, aangesien die onderwyser in die plek van die ouer staan en dus mede-opvoeder is. Hierdie gesag deur God verleen impliseer dat die kind ooreenkomstig Sy Woord opgevoed moet word.

Dit het egter ook die verdere implikasie dat die gesag en dus ook die tug, in ooreenstemming moet wees met die gesagsuitoefening in die Christelike ouerhuis. Dit moet dus lei tot selfdissipline, selfbeheersing en gehoorsaamheid in vryheid. Die kind moet steeds gesien word as verbondskind en alle vorme van tugoefening moet daarop gemik wees om die kind te help om sy sondige natuur te oorwin en 'n nuwe lewe in Christus te soek.

Die sedelike invloed van die skool is tot op groot hoogte die resultaat van sy georganiseerde lewe en die dissipline van leer. Die skool moet gesag uitoefen ter wille van die opvoeding van sy leerlinge en vir die goeie orde waarsonder leer onmoontlik is. Die goeie orde word egter bevorder deur die toepassing van goeie opvoedkundige metodes en beginsels wat daarop gemik is om selfwerksaamheid, verantwoordelikheid, pligsbesef, lojaliteit en selfstandigheid aan te moedig en te bevorder.

By die uitoefening van gesag moet die onderwyser steeds daarvan bewus wees dat hy en sy leerlinge mede-volgelinge van Christus is en saam onder die gesag van God staan. As hy sy taak so sien, sal hy ook die genade ontvang om sy gesag in verantwoordelikheid en liefde uit te oefen.

## 2.8 Die skoolopvoeding moet tot volwassenheid lei

Die skoolopvoeding is afgehandel sodra die kind opgelei en gereed is om die wêreld van volwassenheid te betree. Dit is die klimaks waarheen die skoolopvoeding die kind moet voer. In die lig van moderne omstandighede moet die skool ook deeglik rekening hou met die uitstel en verlenging van volwasse-wording. Al hoe meer leerlinge besoek die skool langer en sit nog op die skoolbanke op 'n ouderdom waarop hul vroeër reeds 'n selfstandige bestaan sou gevoer het. Die skoolopvoeding moet hom uit die staanspoor dit ten doel stel om die leerling geleidelik in die rigting van selfstandigheid en uiteindelik tot volwassenheid te voer en mag hierdie ontwikkeling nie rem of uitstel nie.

Dit is dus van die hoogste belang dat geleenthede vir die leerling geskep moet word om in selfstandigheid te groei. Dit kan o.a. gedoen word deur voldoende geleentheid vir selfwerksaamheid, 'n groter aandeel

aan beplanning, meer geleenthede vir ontdekking en ervaring op praktiese terrein. Die leerling moet ook geleidelik meer verantwoordelikheid aanvaar vir sy skoolwerk, sy gedrag en vir die gevolge van sy optrede. Daarbenewens kan goeie beroepsleiding 'n belangrike bydrae lewer om die leerling se belangstelling 'n persoonlike kwaliteit te gee in die sin dat hy beter die verband sal raaksien tussen sy skoolwerk en sy uiteindelike beroepswerksaamheid.

## 2.9 Die plek van die kleuterskool

Indien die werkende moeder as 'n verskynsel wat onvermydelik is, aanvaar word en ook die probleem van ouers wat te kampe het met beperkte bewegingsruimte, sal ernstig besin moet word oor doeltreffende hulpverlening. Dit wil voorkom asof die kleuterskool moontlik grootliks kan bydra om hierdie probleme van die moderne samelewing te verlig. Ook die kleuterskool kan nie die huislike opvoeding vervang nie, maar slegs aanvul. Indien die skool goed ingerig word en dit onder die leiding van 'n goed opgeleide personeel staan, kan dit 'n belangrike aanvulling van die huislike opvoeding wees.

Die inrigting van die kleuterskool moet egter sodanig wees dat dit so na as moontlik aan die huislike opvoeding sal staan. Verder is daar die eis

dat so 'n inrigting 'n positiewe Christelike gees sal uitstraal en inderdaad in gees en rigting die eweknie van die Christelike huis sal wees.

## 2.10 Praktiese implikasies en vraagstukke

### 2.10.1 Hoër eise aan die onderwyser en die skoolorganisasie

Die skool kan nie die huis vervang nie maar die skool kom voor ernstige probleme te staan as die huis nie sy funksie vervul nie of as ouers nie die probleem kan of wil begryp nie. Probleme soos die van die werkende moeder, oorbevolking en gebrek aan lewensruimte, die invloed van toenemende sekularisasie, vervlakking van die sedelike opvoeding, die invloed van samelewings- en groepnorme en 'n gees van permissiwiteit, ens. het tot gevolg dat steeds hoër eise aan die onderwyser en die skoolorganisasie gestel word. Hierdie probleme, die uitwerking daarvan op die opvoeding en moontlike oplossings daarvoor, verg verdere indringende studie en ondersoek.

In teorie moet die ouers die grootste en belangrikste deel van die verbondskind se opvoeding onderneem. In die praktyk blyk dit egter dat die skool 'n steeds groter aandeel aan die kind se opvoeding en onderwys vir sy rekening moet neem. 'n Volstruispolitiek wat hierdie feit ignoreer of nie in ag neem nie, moet

derhalwe vermy word. Die owerheid en die skoolorganisasie sal voorsiening daarvoor moet maak dat die skool 'n steeds groter aandeel aan die kind se onderwys en opvoeding sal hê en reeds het. Hierdie groter aandeel blyk reeds uit die verlenging van skoolplig en die feit dat die meeste skole reeds die maksimum aantal ure skoolhou, asook die verhoogde belangstelling in en die vermeerdering van kleuterskole deur die owerheid.

Sonder 'n deeglike en stewige fondament kan geen gebou staande bly nie. Die opvoeding is hier geen uitsondering op die reël nie en daar sal opnuut besin moet word oor hoe die voorskoolse en aanvangsonderwys 'n groter rol kan speel om die onderwys en opvoeding van die jong kind op 'n vaste grondslag te plaas. Te groot klasse by veral die aanvangsonderwys, is maar te dikwels die reël en leemtes wat as gevolg daarvan ontstaan, kan moeilik op 'n later stadium reggestel word. Dit is miskien noodsaaklik dat aanvangsonderwys op hierdie stadium onder 'n vergrootglas geplaas word met die oog op regstelling. Sodanige ondersoek is veral noodsaaklik in die lig van die probleme wat reeds hierbo bestel is.

Voortdurende studie om op die hoogte te bly wat sy vakkennis en -metodiek betref, die bywoning van oriënterings- en streekskursusse en deegliker voorbereiding vir sy daaglikse onderrigwerk, is sommige van die implikasies wat hieruit voortspruit. Alhoewel daar dus 'n toename was in beide die hoeveelheid en gehalte van die onderwyser se werk, is hy nog steeds belas met dieselfde grootte en hoeveelheid klasse. Hierbenewens het ook die opvoedingstaak van die Christelike onderwyser nie afgeneem nie, maar toegeneem as gevolg van die probleme van die moderne tyd waarna ons reeds verwys het.

Die probleme wat hieruit vir die skoolorganisasie voortspruit sal wel deeglike oorweging moet geniet en 'n oplossing sal gevind moet word wat in die beste belang van die verbondskind sal wees. Daar sal bv. oorweging verleen moet word aan toereikende personeelvoorsiening wat kleiner klasse tot gevolg sal hê op elke vlak vanaf die kleuterskool tot die senior hoërskoolvlak; die opleiding van onderwysers sal in 'n groter mate daarop toegespits moet wees om nie alleen deeglike vakkennis te vereis nie, maar om die onderwyser ook deeglik toe te rus vir sy veeleisende opvoedingstaak; fasiliteite en geriewe sal so beplan moet word dat dit in 'n ruime mate sal kompenseer vir die gebrek aan lewensruimte by die stadskind; groter klem sal gelê moet word op religieuse en karaktervorming om te

kompenseer vir ongewenste invloede van die groep en samelewing, en vir die gedeeltelike of algehele gebrek aan 'n positiewe Christelike invloed in sommige ouerhuise.

Hierdie hoër eise bring ook mee dat die verbetering van die diensvoorwaardes van die onderwysers opnuut aandag behoort te geniet. Hiermee saam gaan ook die noodsaak vir strenger keuring, want alleen die beste onderwysers is goed genoeg vir die onderwys en opvoeding van die jeug van ons volk.

Daar kan ook oorweging daaraan verleen word om die skooldag en/of die skoolweek te verleng sodat daar voldoende tyd sal wees om aandag te gee aan die opvoedende aspekte van die onderwys, maar ook voldoende tyd vir die hoër eise wat deur die leerstof en veranderde maatskaplike toestande aan die kind gestel word. In die verband kan daar moontlik gedink word aan 'n 8-uur skooldag en/of 'n 6-dag skoolweek.

Bogenoemde sake sal ongetwyfeld groter uitgawes meebring, maar sulke uitgawes moet as geldelike belegging beskou word: as die behoud van die siel van die volk dit vereis, is onkoste slegs belegging.

### 2.10.2 Samewerking tussen die huis en die skool

Nouer en bevredigende samewerking tussen die huis en die skool is 'n aktuele vraagstuk. Benewens die

geykte pogings deur middel van die ouer-onderwysers-vereniging, ouerdae en beperkte huisbesoek, sal nuwe weë gevind moet word waarlangs ouers en onderwysers met mekaar kontak kan maak en kontak kan behou en wel op so 'n wyse dat die opvoeding van die kind in elke opsig daarby sal baat. Daar kan o.a. gedink word aan die instelling van 'n pos vir 'n besoekende onderwyser aan elke skool wat deur persoonlike besoeke kan sorg vir nouer kontak met ouers, vir beter begrip tussen huis en skool en dus ook vir beter en nouer samewerking. Die skool moet ook poog om geleentheid vir kontak met ouers te skep. Dit is egter baie duidelik dat ook hierdie vraagstuk verdere ondersoek verg.

Daar behoort ook ernstige oorweging daaraan verleen te word om aan aspirant-onderwysers opleiding te voorsien in menslike verhoudinge. Die onderwyser is uit die aard van sy roeping voortdurend met ouers, kollegas en leerlinge in aanraking. Om op 'n bevredigende wyse met mense om te gaan en om die nodige welwillendheid te bewerkstellig, vereis bepaalde kennis en insig. Hierdie kennis en insig kan moontlik in die praktyk opgedoen word, maar dit is 'n twyfelagtige metode om so 'n uiters noodsaaklike deel van die onderwyser se toerusting te verwerf.

Ouer-onderwysersverenigings behoort ook daarop ingestel te wees om die samewerking tussen die huis en die skool te bevorder. Die hoofdoel van so 'n vereniging is maar te dikwels die insameling van fondse en dit dra weinig daartoe by om 'n beter verstandhouding tussen die onderwyser en die ouer m.b.t. die kind tot stand te bring. Dit is 'n ope vraag of die insameling van fondse nie juis daartoe bydra om verhoudinge tussen ouers en onderwysers te vertroebel nie. Dit wil dus voorkom asof ouer-onderwyserverenigings op 'n nuwe grondslag aangepak behoort te word en dat die samewerking tussen die huis en die skool in belang van die kind die hoofdoel van sodanige verenigings behoort te wees.

### 2.10.3 Sosiale opvoeding en vryetydsbesteding

Die sosiale opvoeding van die skoolkind en die nodige leiding m.b.t. vryetydsbesteding is nog 'n vraagstuk wat verdere ondersoek verg. Baie probleme ontstaan juis in die verband omdat óf die leiding óf die geriewe ontbreek. Dit is duidelik dat die skool t.o.v. hierdie sake 'n leidende rol kan en selfs moet speel. Terloopse beplanning en leiding kan meer skade as goed doen en daar is inderdaad behoefte aan doelgerigte beplanning, hulp en leiding deur die skool. Die vraag is egter of die huidige skoolorganisasie wel ingerig en toegerus is vir so 'n taak en indien nie, sal ondersoek ingestel en stappe geneem moet word om die leemtes uitte wis.

Dit wil voorkom asof 'n langer skooldag en/of skoolweek dit moontlik sal maak om jeugwerk by die skoolprogram in te skakel. Onder jeugwerk moet hier verstaan word deelname aan jeugverenigings soos die Voortrekkerbeweging, stokperdjies, sportbedrywighede en ander vorms van nuttige en vormende tydsbesteding. Doelgerigte en intensiewe voorligting, afrigting en leiding is noodsaaklik en daarvoor is meer tyd nodig as waarvoor in die huidige skoolprogram voorsiening gemaak word.

Die skool, die kerk en die owerheid behoort ook te besin oor moontlikhede en weë waarlangs 'n oplossing gevind kan word vir die probleem dat gesinslede selde as gesin saam verkeer en saam dinge doen. Deur die uitbreiding van gesinskampe, gesinsvermaak en ander bedrywighede waaraan die hele gesin kan deelneem, kan veel gedoen word om hierdie probleem die hoof te bied. Dit is egter belangrik dat die gesin op 'n gereëlde grondslag byeen moet kom en nie slegs een of twee keer per jaar nie.

### 2.10.4 Die aktivering van die ouer

'n Uiters belangrike vraagstuk is verder hoe om die ouer te aktiveer om sy verantwoordelikheid t.o.v. onderwys en opvoeding van sy kind na te kom. Dit is duidelik dat die kerk, die owerheid en die skool kragte

sal moet saamsnoer ten einde 'n bevredigende oplossing vir hierdie vraagstuk te vind, want dit is inderdaad die kernvraagstuk van die moderne opvoeding. Saam met hierdie vraagstuk hang ook die kwessie van hoe die skool o.a. 'n bydrae kan lewer om die gesinslewe te versterk, die funksieverlies van die vaderfiguur teen te werk en te kompenseer vir die gebrek aan idealisme by die ouer. In die verband sal ook ondersoek ingestel moet word na die probleem van die verdwyning van die man uit die laerskool, maar ook reeds in die hoërskool en watter invloed dit uitoefen op die skoolkind, asook hoe die probleem die hoof gebied kan word.

Dit is duidelik dat daar 'n ernstige behoefte aan voorligting en leiding is. Afgesien van die voorligtingstaak wat deur elke onderwyser onderneem behoort te word, behoort 'n organisasie ook geskep te word wat op nasionale vlak sal funksioneer. So 'n organisasie kan moontlik 'n Christelike Ouervereniging of ouer-onderwysersvereniging wees wat met die hulp en bystand van vooraanstaande Christelike opvoedkundiges 'n doeltreffende voorligtingsdiens in die lewe kan roep. Dit kan verder aangevul word deur kongresse of konferensies op streeks- en nasionale vlak. Alhoewel so 'n organisasie op spontane wyse tot stand behoort te kom, behoort dit tog die steun van die kerk en die owerheid te geniet. Die skool kan ook

'n belangrike bydrae lewer deur sy ouers tot aktiewe deelname aan die werksaamhede van so 'n vereniging aan te spoor.

Die owerheid kan self ook 'n belangrike bydrae lewer deur geskikte lektuur beskikbaar te stel aan ouers of die beskikbaarstelling van sodanige lektuur te subsidieer. Verder kan die pers, die radio en later die beeldradio met vrug ingespan word om die regte soort inligting aan ouers oor te dra. Dit behoort egter 'n vereiste te wees dat alle inligting en leiding deur Christelike opvoedkundiges voorsien moet word, want dit is noodsaaklik dat die ouer vertroue in die inligtingsbron sal hê en dat die aard van alle inligting en leiding positief Christelik sal wees.

'n Indringende ondersoek behoort ook ingestel te word na die redes wat daartoe bydra dat al minder mans tot die onderwysprofessie toetree. Die belangrikste redes is moontlik geleë in onbevredigende diensvoorwaardes met inbegrip van salarisse, bevorderingsmoontlikhede, geleentheid vir verdere studie, huisvestingprobleme, te groot klasse, ens. Dit is noodsaaklik dat hierdie aangeleentheid die dringende aandag van die owerheid sal geniet, veral ook omdat die funksieverlies van die vader-figuur in die ouerhuis reeds in so baie gevalle 'n voldonge feit is.

## 2.10.5 Samevatting

Die Christelike ouer het 'n besondere roeping m.b.t. die onderwys en opvoeding van sy kind. In hierdie taak word hy bygestaan deur die Christelike onderwyser binne die raamwerk van die Christelike skool. Die moderne ouer het egter te kampe met vraagstukke wat vroeër nie bestaan het nie en waarvoor hy dikwels nie 'n oplossing kan of wil vind nie. Die gevolg daarvan is dat 'n bykomende las en verpligting op die onderwyser en die skoolorganisasie gelê word. Die oplossing van die vraagstukke van die huis sowel as die van die skool is nie 'n eenvoudige saak nie, maar is 'n saak wat deur alle betrokkenes met die grootste erns en ywer bejeën sal moet word; dit sal geloof en toegewyde studie verg en doelgerigte optrede vereis. Hierdie probleme bied 'n uitdaging aan elke Christelike opvoeder om opnuut in die lig van Gods Woord nuwe weë te open en verouderde paaie te verlê.

SUMMARY

In the modern era there has been an accelaration of social and economical changes and this often creates major problems for Christian parents. It is therefore necessary to reflect upon the responsibility of Christian parents for the education of their child.

Family education is of a basic nature and includes all aspects of education from birth to adulthood and the parents are therefore responsible for the total education of their child during this period. It is, however, evident that parents cannot undertake the whole education of their child and need the assistance of the school and the church. The school plays an important role in supplementing parental education. The responsibility and influence of the school have become more and more important because of the parents' inability or unwillingness to accept full responsibility for the education of their child.

As a result of extended compulsory education and on account of the extension of pre-school education, the school has lately taken over a larger share of the parents' responsibility. Syllabuses and methods have been revised resulting in more strenuous demands upon both pupil and teacher in respect of both time and effort.

Some practical problems now require urgent attention as well as further research. This study is an attempt at supplying answers to various questions. Among these is the problem of how parents can be activated and alerted to the fact that they are still responsible for the major part of their child's education and should also interest themselves in that part of the education which has become the responsibility of the school and the church. There is the question of co-operation between home and school and it should also be ascertained whether the school organization and the teacher can cope with the new demands made on them, and if not, in what way the problem may be solved.